

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 05 Feb 2018
Page: 14

AVE: 21543.37
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Varsity-rugby: Tafel gedek vir taai tweestryde

**Marnus Kok**



**Die losskakel Tinus de Beer lei Tuks die eerste keer op die veld.** Foto: GALLO IMAGES

Die Maties se kaptein, Chippy Oelofse, verwag 'n meer kliniese vertoning van sy span in hul Varsitybeker-wedstryd teen die Shimlas vanaand in Stellenbosch.

Dit nadat sy span die Universiteit van Johannesburg (UJ) verlede week met 31-3 geklop het.

"Ons het goed begin, maar nie al ons geleenthede benut nie, omdat ons nie klinies genoeg was nie. Ons kon baie meer punte aangeteken het," sê Oelofse, 'n voorryman.

Die Shimlas sal vol selfvertroue wees nadat hulle die kampioen, Tuks, verlede week in Pretoria geklop het.

Johan Kotze, kaptein van die Shimlas en ook 'n stut, verwag 'n moeilike wedstryd.

"Hulle het 'n span met 'n klomp ou manne, spelers met Varsitybeker-ervaring. Maar as 'n mens op die veld gaan is die speelveld gelyk, dan gaan dit oor wie die graagste wil wen. Ons wil wen," sê Kotze.

■ Wits se kaptein, die flank Constant Beckerling, sê sy span glo hy kan Tuks in die Goudstad klop.

Die Johannesburgers het verlede week met die Ikeys, 'n voormalige kampioen, in Kaapstad afgereken.

"Ons moet hulle van die begin af aanvat en nie kans gee om hul stempel af te druk nie. Tuks is goed in die vaste fasette en ons sal spelers soos hul losskakel (Tinus de Beer) moet fyn dophou," sê Beckerling.

De Beer voer Tuks se Varsitybeker-span die eerste keer aan, in die afwesigheid van Denzel Hill, wat las van 'n enkelbesering het.

■ UJ se kaptein en haker, Jannes Snyman, sê sy span se teenstanders, die Ixias, sal gekrenkte ego's hê ná hul nederlaag (7-70) teen die Pukke in die eerste ronde.

"Ons kan hulle glad nie onderskat nie. Ons het die wedstryd teen die Maties 'n bietjie grootkop benader," sê Snyman.

Vir Rayno Nel, die Ixias se kaptein, is die sleutel tot 'n oorwinning "verdediging en om ons wedstrydplan beter uit te voer".

"UJ het gevaarlike agterspelers, veral daai heelagter met die voete (Ronald Brown)," sê Nel.

■ Vir David Maidza, die Madibaz se afrigter, is dit belangrik dat sy span uitgaan en hulself geniet.

Die Baaienaars speel gasheer vir die Ikeys.

"Ons verstaan die druk wat daarmee gepaardgaan om te wen, maar dit is vir my belangrik dat ons uitgaan en onsself geniet," sê Maidza.

■ **Bepalings:** 16:45: Madibaz t. Ikeys op SS 1 en GDN; 18:30: Maties t. Shimlas; UJ t. Ixias; 19:00: Wits t. Tuks op SS 1 en GDN.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.